



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2011

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye en 'n 2 bladsy-antwoordblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

AFDELING	PUNTE	TYD (MINUTE)
A. Kortvrae	40	20
B. Voedsel en Voeding	40	40
C. Kleding	40	40
D. Behuising en Sagte Meublement	40	40
E. Teorie van Produksie en Entrepreneurskap	40	40

2. AL die afdelings is VERPLIGTEND.
3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit AGTER in jou ANTWOORDEBOEK.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.
7. Skryf slegs met swart of blou ink.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.13) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.
- 1.1.1 Identifiseer EEN van die algemeenste oorsake van allergiese reaksies:
- A Lemoene
 - B Grondboontjies
 - C Rooivleis
 - D Suiker
- (1)
- 1.1.2 'n Voordeel van die eet van lae GI-voedsel:
- A Bloedvate trek saam
 - B Cholesterolvlakke word gehandhaaf
 - C Bloedsuikervlakke word beter gehandhaaf
 - D Die pankreas is oorgestimuleer
- (1)
- 1.1.3 'n Persoon met 'n glutenintoleransie sal die volgende brood kan eet:
- A Bruinbrood
 - B Rogbrood
 - C Rosyntjiebrood
 - D Witbrood
- (1)
- 1.1.4 'n Tekort aan die volgende nutriënte kan anemie veroorsaak:
- 1. Kalsium
 - 2. Jodium
 - 3. Yster
 - 4. Foliensuur
 - 5. Vitamien B₁₂
 - 6. Vitamien C
- A 1, 3 en 5
 - B 1, 2 en 6
 - C 2, 4 en 6
 - D 3, 4 en 5
- (2)
- 1.1.5 'n Ooreenkoms tussen die modeterm haute couture en die verouderde modesiklus is dat ...
- A min mense die mode dra.
 - B die mode duur is.
 - C baie mense in die mode belangstel.
 - D dit aan die einde van die modesiklus gesien word.
- (1)

- 1.1.6 Watter van die volgende dui op 'n behoefte aan 'n kleredragkode?
1. Dra 'n professionele beeld uit
 2. Druk individualiteit duidelik uit
 3. Lyk formeel in uniforms
 4. Word maklik met die firma geïdentifiseer
 5. Adverteer die firma se naam
 6. Vertoon bekwaamheid
- A 2 en 6
B 3 en 6
C 1 en 6
D 2 en 5 (2)
- 1.1.7 Kies uit die lys hieronder DRIE eienskappe van 'n funksionele klerekas:
1. Pas by jou persoonlikheid
 2. 'n Verskeidenheid bedrukte kledingstowwe
 3. 'n Kern van modegiere
 4. Meer bloese/hemde as broeke/rompe
 5. 'n Ander uitrusting elke dag
 6. Items wat pasmaats is
- A 1, 2 en 3
B 1, 4 en 6
C 2, 3 en 5
D 3, 5 en 6 (2)
- 1.1.8 'n Belangrike rol van 'n eiendomsagent is om ...
- A konfliktsituasies op te los.
B instandhoudingsdienste vir huiseienaars te voorsien.
C alle dokumente namens die verkoper te teken.
D 'n skakel tussen die koper en verkoper te wees. (1)
- 1.1.9 Verpakking kan 'n stille verkoper van 'n produk wees as ...
- A dit die familie se logo op het.
B dit aantreklik lyk.
C die produk se naam duidelik genoem word.
D die prys daaraan geheg is. (1)
- 1.1.10 'n Kwaliteit produksiestelsel sluit die volgende in:
1. Toetsing van nuwe materiale
 2. Gebruik van groot hoeveelhede materiaal
 3. Langer produksietyd
 4. Gereelde inspeksies op verskillende produksiestadia
 5. Hoë salarisse vir geskoolde werkers
 6. Voorskryf van gedetailleerde spesifikasies vir die produk
- A 1, 3 en 6
B 2, 4 en 5
C 1, 4 en 6
D 3, 4 en 5 (2)

1.1.11 Identifiseer TWEE oorsake van inflasie:

1. Verhoging in rentekoers
2. Verhoging in die koopkrag van geld
3. Waarde van die rand versterk teenoor ander geldeenhede
4. Goeie oeste
5. Verhoging in brandstofpryse

- A 1 en 3
B 4 en 5
C 2 en 3
D 1 en 5

(2)

1.1.12 Watter EEN van die volgende logo's sal aandui dat 'n huishoudelike toestel goeie kwaliteit is?



1



2



3



4

- A 1
B 2
C 3
D 4

(1)

1.1.13 Mnr. Ngcobo het die reg op veiligheid. Identifiseer mnr. Ngcobo se verantwoordelikhede wat sy veiligheid sal verseker as hy sy nuwe gasstoof gebruik.

1. Herstel dit self
2. Lees en volg die instruksies sorgvuldig
3. Hou die gasbottel in die huis
4. Steek die vuurhoutjie/aansteker aan voordat die gas oopgedraai word
5. Gebruik die gasstoof om die vertrek te verhit

- A 1 en 5
B 3 en 4
C 2 en 4
D 1 en 2

(2)

- 1.2 Kies die voedselverwante siekte in KOLOM A om by die simptoom in KOLOM B en die voedsel wat geëet moet word om die toestand te beheer in KOLOM C, te pas. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–E) en die blokkie (i–vi) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord gemaak word nie.

KOLOM A VOEDSELVERWANTE- SIEKTES	KOLOM B SIMPTOOM	KOLOM C VOEDSEL WAT GEËET MOET WORD
1.2.1 Diabetes	A beenbreuke	i sojamelk
1.2.2 Melkintoleransie	B swakheid	ii lae proteïen-voedsel
1.2.3 Anemie	C swak sig	iii lae GI-voedsel
	D longinfeksies	iv rooivleis
	E diarree	v melkprodukte
		vi voedsel laag in sout

(6 x 1) (6)

- 1.3 Identifiseer uit die lys hieronder DRIE verantwoordelikhede wat 'n deeltiteleienaar het ten opsigte van onderhoud. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–F) langs die vraagnommer (1.3) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

- A Herstel 'n druppende kraan in die kombuis
- B Herstel 'n gebreekte ruit
- C Vervang die gloeilampies by die ingangshek van die kompleks
- D Herstel die trappies na die swembad
- E Verf die woonkamer
- F Maak die grasperk om die swembad nat

(3)

- 1.4 Identifiseer uit die lys hieronder VIER voordele van goeie voeding vir MIV/Vigs-lyers. Maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A–J) langs die vraagnommer (1.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

- A Voel gesonder en beter
- B Gewigsverlies verhoog
- C Herstel vinniger van infeksies
- D Gereelde oefening bou spiere
- E Liggaamsgewig word gehandhaaf
- F Beskerm liggaam teen die opdoen van hierdie siekte
- G Verminder die aptyt
- H Medikasie raak onnodig
- I Krag verbeter
- J Verminderde vloeistofinname word benodig

(4)

1.5 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.8) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

1.5.1 Alle mense is (handelaars/verbruikers), want op die een of ander manier koop almal goedere en dienste.

1.5.2 Die tipe reklame/advertering wat nie in Suid-Afrika toegelaat word nie, is (informatiewe/vergelykende) reklame.

1.5.3 Wanneer goedere gekoop word, moet jy die (kwitansie/waarborg) hou as 'n bewys van die aankope.

1.5.4 Die verbruiker het die reg op (hoë kwaliteit/hoë kwantiteit) produkte.

1.5.5 Belasting wat op luukse-items, soos alkohol en tabak betaal word, word (aksyns-/invoer-)belasting genoem.

1.5.6 Die rentekoers, soos deur die Reserwebank bepaal, word die (inflasiekoers/repokoers) genoem.

1.5.7 Wanneer die rentekoers (daal/styg), word dit duurder om geld te leen.

1.5.8 Die verandering in die prys van goedere en dienste wat deur die gemiddelde huishouding tussen Augustus 2010 en Augustus 2011 gekoop is, word die (verbruikersprys-/verbruikersgoedere-)indeks genoem.

(8)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING**VRAAG 2**

- 2.1 Lees die uittreksel uit 'n artikel van die Wêreldgesondheidsorganisasie hieronder oor vetsug en oorgewig. Beantwoord die vrae wat volg.

VETSUG EN OORGEWIG

Die feite is:

- Daar is wêreldwyd meer as 1 biljoen oorgewig volwassenes en ten minste 300 miljoen van hulle ly aan vetsug.
- Vetsug en oorgewig hou 'n groot gesondheidsrisiko vir kroniese siektes in soos tipe 2-diabetes, kardiovaskulêre siektes, hipertensie, beroerte en sekere vorms van kanker.
- Die hooforsake is:
 - Verhoogde inname van energierike voedsel hoog in versadigde vette en suikers
 - Verminderde fisiese aktiwiteite

Assessering van vetsug en oorgewig
Die voorkoms van vetsug en oorgewig word deur die liggaamsmassa-indeks (LMI) bepaal. ($LMI = \text{massa (kg)} \div \text{lengte}^2 \text{ (m}^2\text{)}$)

Wat kan ons daaraan doen?
Doeltreffende massabeheer vir individue en groepe wat die gevaar loop om vetsug te ontwikkel, sluit 'n reeks langtermynstrategieë in. Stadige gewigsverlies en handhawing van massa/gewig word hierby ingesluit.

[Bron: Aangepas uit 'n artikel wat deur die Wêreldgesondheidsorganisasie gepubliseer is]

- 2.1.1 Verduidelik die hoofredes, soos in die uittreksel genoem, waarom mense gewig optel. (4)
- 2.1.2 (a) Gebruik die formule in die uittreksel om die LMI te bepaal van 'n jong volwassene wat 1,65 m lank is en 85 kg weeg. (2)
- (b) Volgens die antwoord op VRAAG 2.1.2(a), ly die persoon aan vetsug. Gee 'n kort beskrywing van *vetsug*. (1)
- 2.1.3 In paragraaf 3 word daar genoem dat die strategieë vir doeltreffende gewigsverlies stadige gewigsverlies en handhawing van gewig insluit.
- (a) Hoeveel gewig behoort 'n persoon per week te verloor, as hy/sy stadig en op 'n gesonde manier gewig wil verloor? (1)
- (b) Noem SES voedingsriglyne wat gevolg moet word om gewig stadig te verloor en om die gewigsverlies te handhaaf. (6)

- 2.2 Bestudeer die tabel met die aanbevole dieettoelaag vir kalsium (mg/dag). Beantwoord die vrae wat volg.

LEWENSFASEGROEP	AANBEVOLE DIEETTOELAAG VIR KALSIUM (mg/dag)
Suigelinge 0–6 maande	200
Suigelinge 6–12 maande	260
1–3 jaar oud	700
4–8 jaar oud	1 000
9–13 jaar oud	1 300
14–18 jaar oud	1 300
19–30 jaar oud	1 000
31–50 jaar oud	1 000
mans 51–70 jaar oud	1 000
vroue 51–70 jaar oud	1 200
71+ jaar oud	1 200

[Bron: Instituut van Medisyne vir die Nasionale Akademies. *Verslag oor die Dieetverwysing vir Kalsiuminname*, op 30 November 2010 gepubliseer]

- 2.2.1 Identifiseer die lewensfasegroep wat die meeste kalsium benodig. (1)
- 2.2.2 Verduidelik waarom die kalsiumvereistes die hoogste is vir die groep wat in VRAAG 2.2.1 genoem word. (2)
- 2.2.3 (a) Watter voedselverwante siekte kan ontwikkel as TE MIN kalsium tydens die lewensfase, genoem in VRAAG 2.2.1, ingeneem word? (1)
- (b) Noem TWEE ander nutriënte wat saam met kalsium help om die voedingsverwante siekte in VRAAG 2.2.3(a) te voorkom. (2)
- (c) Verduidelik die gevolge, later in die lewe, van die voedselverwante siekte genoem in VRAAG 2.2.3(a). (2)
- 2.2.4 Verduidelik waarom daar 'n verskil is in die kalsiumvereistes van mans en vrouens in die 51–70 jaar- lewensfasegroep. (2)
- 2.2.5 Noem die voedselgroep wat ingeneem moet word om te verseker dat die kalsiuminname voldoende is. (1)

- 2.3 Bestudeer die gevallestudie en voedsel-etiket hieronder. Beantwoord die vrae wat volg.

Mev. Simpson het sprietui-en-grasui-roomkaas as 'n toebroodjievulsel gekoop. Sy het gedink dat dit 'n goeie keuse was om haar te help om haar hoë bloedcholesterolvlakke en hipertensie (hoë bloeddruk) te beheer.

Voorkant van etiket:

Sprietui-en-grasui-roomkaas		
175 g	Lae Vet	Hou verkoel
Verkoop teen: 15/11/2011		Gebruik teen: 29/11/2011

Agterkant van etiket:

Voedingsinligting			Bestanddele	Kliëntediens:
Tipiese waardes	Per 100 g (gereed-om-te-eet)	Per 30 g porsie (gereed-om-te-eet)	Room (melk) Volroommelk Sout Stabiliseerders	0800 11 77 11
Energie	1 118 kJ	335 kJ	Grasui 0,2%	Spesiaal verpak vir: ABC Klein-handelaars ABC Office Park Tweede Laan 22 Covent Gardens 1000
Proteïen	8,8 g	2,6 g	Uiepoelier (0,2%)	
Totaal vet	25,1 g	7,5 g	Knoffelsout	
waarvan versadigde vet	17,5 g	5,3 g	Suurselkultuur	
transvette	0,3 g	0,1 g		
mono-onversadigde vet	6,2 g	1,9 g		
poli-onversadigde vet	1,0 g	0,3 g		
Dieetvesel	0,6 g	0,2 g		
Totaal Natrium	435 mg	131 mg		

- 2.3.1 Identifiseer die misleidende beskrywing op hierdie voedsel-etiket (1)
- 2.3.2 Gee TWEE redes vir jou antwoord op VRAAG 2.3.1. (2)
- 2.3.3 Noem DRIE kanale vir verbruikersklagtes wat mev. Simpson kan gebruik in verband met die misleidende beskrywing. (3)
- 2.3.4 Evalueer die voedingsgeskiktheid van die sprietui-en-grasui-roomkaas vir mev. Simpson. (9)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING**VRAAG 3**

- 3.1 Verduidelik die volgende terme:
- 3.1.1 Modeneigings (2)
 - 3.1.2 Modegrille/-giere (2)
 - 3.1.3 Mode (2)
 - 3.1.4 Styl (2)
- 3.2 3.2.1 Verduidelik die doel van handelsnaam-etiket vir klerevervaardigers. (2)
- 3.2.2 Bespreek waarom baie jong volwassenes handelsnaam-etiket as 'moet hê'-items beskou. (5)
- 3.3 Beskryf verbruikersgedrag as dit by die klimaks van die modesiklus kom. (2)
- 3.4 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die voorgeskrewe kleredragkode vir werkers van 'n bekende maatskappy bestaan uit die volgende:

- Das/Serp
- Baadjie en onderbaadjie
- Wit hemp/Wit bloes
- Vlootblou langbroek
- Swart skoene

- 3.4.1 Noem VIER maniere waarop 'n werknemer, wat drie identiese wit hemde/bloese het, kan meng en pas om vir vier dae by die werk anders te lyk. (4)
- 3.4.2 Stel VIER maniere voor waarop werknemers hul persoonlike styl binne die beperkings van die maatskappy se kleredragkode kan uitdruk. (4)

- 3.5 Lees die uittreksel hieronder, bestudeer die prentjie, en beantwoord die vrae wat volg.

Thomas Burberry het 'n militêre jas ontwerp wat later gebruik is as die swaar leërjasse wat die Britse en Franse soldate tydens die Eerste Wêreldoorlog gedra het. Sedertdien staan dit as die soldatejas bekend. Dit is 'n tydlose mode-item wat al in baie gewilde fliëks te sien was. Bekende persoonlikhede soos Daniel Radcliff en Emma Watson van Harry Potter-faam word gereeld in hulle Burberry-soldatejasse ('trench coat') gesien.



[Bron: Aangepas uit die *Edgars Club Magazine*, April 2011]

- 3.5.1 (a) Watter kledingstuk het die soldatejas-ontwerpneiging geïnspireer? (1)
- (b) Die manier waarop die soldatejas in die prentjie gedra word, skep 'n informele voorkoms. Stel TWEE veranderinge voor wat gemaak kan word om 'n meer professionele voorkoms te skep wanneer die soldatejas gedra word. (2)
- 3.5.2 Identifiseer die stelling in die uittreksel wat aandui dat die soldatejas 'n klassieke styl is. (1)
- 3.5.3 Verwys na die prentjie en noem VIER kenmerke wat aandui dat die soldatejas 'n klassieke styl is. (4)
- 3.5.4 Noem die handelsnaam van die soldatejas wat in die uittreksel genoem word. (1)
- 3.5.5 Klere wat deur bekende persoonlikhede gedra word, het 'n impak op modeverandering. Lewer kommentaar op hierdie stelling. (6)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT**VRAAG 4**

- 4.1 Verduidelik die volgende terme:
- 4.1.1 Oordragskoste (2)
 - 4.1.2 Titellakte (2)
 - 4.1.3 Aktekantoorfooi (2)
- 4.2 Noem VIER vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n bank 'n verbandlening sal goedkeur. (4)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

John en Melissa gaan binnekort trou. John het 'n permanente pos by 'n bank en kan binne 'n jaar na 'n ander dorp verplaas word. Melissa het 'n tydelike werk as binnehuisversierder. Sy hou daarvan om mure te verf om 'n sekere atmosfeer in die huis te skep. Beide van hulle betaal nog hulle studieleninge terug en moet baie versigtig begroot om al hulle finansiële verantwoordelikhede na te kom.

- 4.3.1 Verduidelik die volgende breedvoerig:
- (a) DRIE voordele vir John en Melissa om 'n huis te huur (3 x 2) (6)
 - (b) DRIE voordele vir John en Melissa om 'n huis te koop (3 x 2) (6)
- 4.3.2 Sal dit vir John en Melissa beter wees om na hulle troue 'n huis te koop of om 'n huis te huur? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 4.4 Verbruikers betaal dikwels vir duur huishoudelike toebehore met huurkooptransaksies. Noem DRIE voordele van hierdie tipe kooptransaksie. (3)

4.5 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Verbruiker wat aan 'n radiokletsprogram deelgeneem het, het die volgende beswaar gehad:

'My wasmasjien het gebreek en ek het 'n bekende maatskappy geskakel wat 'n tegnikus na my huis gestuur het. Hy moes die wasmasjien na hulle werkswinkel neem vir herstelwerk. Ek het die kwotasie wat hy my gegee het aanvaar, maar toe ek vir die herstelwerk wou betaal, was die faktuur dubbeld die prys van die oorspronklike kwotasie. Die maatskappy weier om my wasmasjien terug te gee totdat ek die volle bedrag betaal het. My vraag is: "Is daar wetgewing wat my in hierdie geval kan beskerm?" '

- 4.5.1 Beantwoord die vraag wat hierdie verbruiker gevra het. (2)
- 4.5.2 Wat moes die tegnikus gedoen het toe hy beseft het dat die herstelwerk meer gaan kos as die gekwoteerde bedrag? (1)
- 4.5.3 Verduidelik waarom dit voordelig is om die radio te gebruik om besware oor verbruikerskwessies te hanteer. (2)

4.6 Lees die gedeelte hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

'n Familie bou 'n nuwe huis en die volgende kenmerke is deel van die plan:

Sinkdak
 Sonpanele op die dak
 Isolering op die plafon
 Groot vensters
 Aluminiumvensterrame
 Volvloermatte
 Alarmstelsel
 Afstandbeheerde motorhuisdeure
 Gryswaterstelsel
 Reënwaterrenk
 Swembad

Identifiseer, met redes, uit die lys hierbo, TWEE kenmerke wat die gesin sal help om die volgende te bespaar:

- 4.6.1 Elektrisiteit (2 x 2) (4)
- 4.6.2 Water (2 x 2) (4)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN ENTREPRENEURSKAP**VRAAG 5**

5.1 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Ruth Peters, 'n selfversekerde hardwerkende dame, het baie jare in 'n klerefabriek gewerk. Die bestuurspan het haar dikwels gevra om Vrydae wegneemetes te verskaf, en sy het ook spyseniering vir hulle korporatiewe funksies gedoen. Sy was gewild by haar kollegas en die bestuur, maar drie jaar gelede het sy haar werk as gevolg van die resessie verloor.

Ruth het met 'n besigheid van die huis af begin en konsentreer op die verskaffing van maaltye aan fabriekswerkers. Sy verkoop ook wegneemetes in die snoepwinkel by die kliniek naby haar huis. Sy vervaardig ook sagtmeublement-artikels wat sy oor naweke by die vlooiemark verkoop.

Aangesien haar besigheid uitgebrei het, het sy nou drie dames in diens geneem wat drie maal per week werk. Sy betaal haar seun om as 'n drywer te werk, maar het nog nie 'n indiensnemingskontrak met hom gesluit nie.

5.1.1 Noem VYF eienskappe uit die gevallestudie wat aandui dat Ruth 'n suksesvolle entrepreneur is. (5)

5.1.2 Noem TWEE teikenmarkte vir elk van die volgende besighede:

(a) Maaltye aan die fabriek verskaf (2)

(b) Maaltye vir die snoepwinkel (2)

5.2 Waarom is dit belangrik dat sy en elkeen van haar werknemers indiensnemingskontrakte moet teken? (2)

5.3 Volgens arbeidswetgewing het Ruth verantwoordelikhede teenoor haar werknemers. Gee haar raad oor ELK van die volgende om te verseker dat sy aan die vereistes van arbeidswetgewing voldoen:

5.3.1 Kraamverlof (3)

5.3.2 Geleentheidsverlof (4)

5.4 Om rekord te hou is 'n sleutelaspek van enige suksesvolle besigheid. Verduidelik die belangrikheid van behoorlike finansiële rekordhouding. (4)

5.5 'n Klant by die vlooiemark het 20 eenhede van 'n spesifieke produk bestel. Die koste van die materiaal vir een produk beloop R18,00. 'n 40%-winsopslag word bygevoeg om oorhoofse koste te dek. Bereken die produksiekoste van 20 eenhede van die produk deur die volgende formule te gebruik:

Produksiekoste = koste van materiaal + oorhoofse koste

Toon AL die berekeninge. (6)

- 5.6 Die tabel hieronder toon Ruth se inkomste vir die tydperk September 2010 tot Maart 2011. Analiseer die inligting in die tabel en beantwoord die vrae wat volg.

MAAND	INKOMSTE UIT VOEDSELVERKOPE BY DIE FABRIEK	INKOMSTE UIT SAGTEMEUBLEMENT- VERKOPE BY DIE VLOOIMARK
September	R14 000	R4 500
Oktober	R15 000	R4 300
November	R14 000	R5 000
Desember	R7 500	R9 500
Januarie	R9 000	R3 000
Februarie	R10 000	R4 000
Maart	R11 000	R4 500

- 5.6.1 Identifiseer die maande waarin die inkomste 'n hoogtepunt bereik het vir:


- (a) Voedselverkope (1)
- (b) Sagte-meublement-verkope (1)

- 5.6.2 Bestudeer die verskille in die inkomste wat van November tot Januarie voorgekom het en gee TWEE redes vir die moontlike verskille in die inkomste van die volgende:

- (a) Voedselverkope (2 x 2) (4)
- (b) Sagte-meublement-verkope (2 x 2) (4)

- 5.6.3 Maak 'n voorstel oor hoe Ruth haar voedselverkope in die Desember tot Januarie-tydperk kan volhou. (2)

TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200

ANTWOORDBLAD**AFDELING A**SENTRUMNOMMER: EKSAMENNOMMER: 

VRAAG 1.1					
1.1.1	A	B	C	D	(1)
1.1.2	A	B	C	D	(1)
1.1.3	A	B	C	D	(1)
1.1.4	A	B	C	D	(2)
1.1.5	A	B	C	D	(1)
1.1.6	A	B	C	D	(2)
1.1.7	A	B	C	D	(2)
1.1.8	A	B	C	D	(1)
1.1.9	A	B	C	D	(1)
1.1.10	A	B	C	D	(2)
1.1.11	A	B	C	D	(2)
1.1.12	A	B	C	D	(1)
1.1.13	A	B	C	D	(2)
					(19)

VRAAG 1.2							
1.2.1	A	B	C	D	E		(1)
	i	ii	iii	iv	v	vi	(1)
1.2.2	A	B	C	D	E		(1)
	i	ii	iii	iv	v	vi	(1)
1.2.3	A	B	C	D	E		(1)
	i	ii	iii	iv	v	vi	(1)

NSS

	(6)	
--	------------	--

SENTRUMNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--

EKSAMENNOMMER:

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 1.3

A	B	C	D	E	F	(3)	
---	---	---	---	---	---	------------	--

VRAAG 1.4

A	B	C	D	E	F	G	H	I	J	(4)	
---	---	---	---	---	---	---	---	---	---	------------	--

VRAAG 1.5

1.5.1		
1.5.2		
1.5.3		
1.5.4		
1.5.5		
1.5.6		
1.5.7		
1.5.8		
	(8)	

TOTAAL AFDELING A: 40